# Droom Groot met God as Vlieggenoot

## Leiersgids en Kurrikulum

Aanvullende Christelike onderwysmateriaal
vir die kurrikulum van die Droom Groot-veldtog

deur Diana Scimone

Die Vlieg-Vlinder-Vliegprojek
om kinderhandel te stop

Droom Groot met God as Vlieggenoot Leiersgids en Kurrikulum
© 2013 Born to Fly International, Inc.
deur Diana Scimone

Publiseer deur Born to Fly International, Inc.
P o Box 664
Fort Mill, South Carolina 29716
USA
info@born2fly.org
www.born2fly.org

ISBN 978-0-9894591-3-6

Bybelgedeeltes aangedui as ABA is oorgeneem uit die Afrikaanse Bybel vir Almal 2007/2008 © Bybelgenootskap van Suid Afrika 2007, 2008. Alle regte voorbehou.

Vertaal in Afrikaans deur Marie Smit (vilavreugde@gmail.com)
Erkenning aan Anna-Mart Bakkes vir die titel Vlieg-Vlinder-Vlieg

Hierdie kurrikulum word opgedra aan die lede van my skryfgroep (Valerie Kosky, Karen Armistead en Deborah Cole), aan die opvoeders Karen Armistead en Georgia Ana Larson, kunstenaar Leah Wiedemer, ontwerper Cathleen Kwas, en die baie ondersteuners van Born to Fly Internasionaal. Spesiale dank aan Mike Bickle, Janet Benton, Sharon Gonzales, Ashley Belerose en Jim Kochenburger. Dankie dat julle my gehelp het om my droom te bewaarheid.

- Diana Scimone, president, Die Born2Fly-projek om kindermishandeling te stop.

# Inhoudsopgawe

Droom Groot met God as Vlieggenoot: ’n Spesiale Woord 3
Inleiding 4
Oorsig van die Leiersgids en Kurrikulum 5
Aanvullende inligting omtrent die klein verskil tussen bewus wees van en angs 7
Sessie 1: Kies vriendskap met Jesus 8
Sessie 2: Jesus is die beste vriend 12
Sessie 3: Jesus sê jy is uniek, kosbaar en sy liefde waardig. 15
Sessie 4: Jesus sal altyd daar wees vir jou as jy deur ’n moeilike tyd gaan. 19
Sessie 5: Jesus nooi jou uit na sy "geheime plek" waar Hy jou beskerm. 22
Sessie 6: Jesus help jou om veilig en suksesvol te wees soos jy jou drome navolg. 25
Aanvullende Hulpbronne 29
Vir meer inligting 30

# Droom Groot met God as Vlieggenoot

## ʼn Spesiale woord van die stigter van Born to Fly, Diane Scimone

ʼn Paar jaar gelede toe ons die naam vir ons nuwe organisasie om kinderhandel te stop moes kies, het een van ons raadslede gesê: "Moenie ʼn naam kies wat die indruk skep dat jy dit probeer stop nie. Die naam moet aantoon wat jy daarna probeer doen." Dit is hoekom ons die naam "Born to Fly" (Afrikaans: Vlieg-Vlinder-Vlieg) gekies het. Vandag is ons doel dieselfde: nie net wil ons verhoed dat kinders en tieners verhandel word nie, maar om terselfdertyd tieners die geleentheid te gee om groot drome te droom – om te bereik waarvoor God hulle geskape het. Ons missie-verklaring is dan inderdaad: *Stop kinderhandel ... maak kinders vry om hoog te vlieg.*

Dit is die rede waarom hierdie kurrikulum dit beklemtoon om tieners leiding te gee om ʼn spesiale verhouding met God te hê sodat hulle op ʼn veilige en suksesvolle manier "groot drome kan droom". God plaas hierdie drome binne-in elkeen van ons. Hierdie drome is ons roeping en ons doelwit. Hierdie drome is ook deel van God se plan vir die wêreld.

Gedurende dieselfde tyd wat ons Born to Fly Internasionaal bekendgestel het, het my Bybelstudieklas besluit om Hooglied te bestudeer. Dit is een van die kortste boeke in die Bybel, maar dit het ons twee jaar geneem om dit te bestudeer! Ons het ʼn maand aan een vers gewerk. Aan die einde van die twee jaar het ons almal gevoel dat ons nog nie naastenby by die dieper betekenis van die kort boekie uitgekom het nie.

Hierdie twee jaar het my hele lewe verander en Hooglied het my gunstelingboek in die Bybel geword. Een van my gunstelingverse is "Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop!" (Hooglied 1:4 ABA) Dit is ʼn kernvers om tieners te help om ʼn spesiale vriendskap met Jesus te hê en "Goddelike drome" te droom – met Hom aan hulle sy.

Soos jy meer tyd bestee aan die kurrikulum, sal God vir jou geleenthede gee waar jy bewus sal word van die drome van elkeen van die tieners in jou klas en om dit te kan bevestig – die drome wat Hy self vir hulle gee.

Ons verwelkom jou kommentaar en voorstelle. Skryf aan ons by info@born2fly.org of Born to Fly, PO Box 952949, Lake Mary, Florida 32795, USA. Dankie dat jy deel is van ons droom om kinderhandel te stop. Ons waardeer jou bydrae.

Diana Scimone
President, The Born2Fly-projek om kinderhandel te stop.

"Dream the dreams that alter the course of world history."
"Droom die drome wat die koers van wêreldgeskiedenis sal verander."
—Bill Johnson

# Inleiding

*Droom Groot met God as Vlieggenoot* is aanvullende Christelike materiaal wat die gewone kurrikulum van die Droom Groot-veldtog ondersteun. Dit is nie ontwerp om dit te vervang nie, ook nie om ŉ kurrikulum op sy eie te wees nie. Dit voorsien bykomende materiaal wat jy kan gebruik om Bybelse konsepte te onderrig.

Die doel van hierdie kurrikulum is om die tieners te help om te kies om ŉ dieper verhouding met Jesus te hê en om te weet hoe lief Hy hulle het; dit sal hulle veilig en suksesvol laat voel as hulle hul drome navolg.

Tieners kan normale "goeie" Christelike lewens hê, maar as hulle nie die waarheid verstaan van hoe God hulle sien en as hulle nie die diepte van sy liefde vir hulle ken nie, sal hulle nooit die volle verhouding wat Hy vir hulle begeer, ervaar nie. Dit is hoekom dit noodsaaklik is dat hulle weet wat hulle identiteit in Christus is.

Ons as Christene het God dikwels lief bloot omdat ons weet dit is wat ons veronderstel is om te doen. Wat as ons tieners kan leer dat ons liefde vir God baie meer om die lyf het? Wat as hulle net kan weet van sy ontsaglike liefde vir hulle – en dat Hy waarlik begeer dat hulle suksesvol sal wees en hulle drome en doelwitte wat hy in hulle geplaas het, kan vervul?

Dit is die doelwit van *Droom Groot met God as Vlieggenoot* Baie tieners memoriseer maklik Bybelverse en teologiese feite soos byvoorbeeld "God het my lief", maar dikwels het hulle nie die vaardigheid om hierdie kennis in hulle eie lewe toe te pas nie. Hulle mag dalk afhangende van hulle geestelike opvoeding nie eers weet dat hulle veronderstel is om dit te doen nie. Dit is die rede vir ons tweeledige doelwit met hierdie aanvullende materiaal:

1. Maak tieners bewus van Bybelse beginsels.

2. Lei hulle om hierdie beginsels elke dag van hulle lewe toe te pas – spesifiek hoe om te voorkom dat hulle en ander kinders wat hulle ken, verhandel word, en hoe hulle hul drome op ŉ veilige manier kan navolg.

Dit is die verskil tussen die boom van kennis en die boom van die lewe. Ons doelwit is om tieners vrugte van die boom van die lewe te gee om te eet. Ons is bevoorreg om jou as deelgenoot te hê om dit te kan doen.

# Oorsig van die Leiersgids en Kurrikulum

Sessie 1: Kies vriendskap met Jesus

Doelwit van sessie:

- Ons wil tieners help om te verstaan dat Jesus hulle uitnooi om ŉ hoër verhouding met Hom te hê – ŉ spesiale vriendskap.
- Ons wil tieners daarop wys dat hulle kan kies om "ja" te sê op sy uitnodiging.
- Ons wil tieners lei om "ja" te sê vir sy uitnodiging.

Kernteks: "My liefste, my mooiste, jy moet opstaan, jy moet kom." (Hooglied 2:10 ABA)

Sessie 2: Jesus is die getrouste vriend.

Doelwitte van sessie:

- Ons wil vir tieners laat verstaan wat dit beteken om ŉ vriend van God te wees.
- Ons wil tieners leer hoe om ŉ vriend van God te wees.
- Ons wil tieners leer dat Jesus die getrouste vriend is.
- Ons wil aan hulle verduidelik dat ŉ vriendskap met Jesus hulle veilig en vry sal hou terwyl hulle hul drome navolg.

Kernteks: "...dit is die man vir wie ek lief is, dit is my vriend." (Hooglied 5:16 ABA)

Sessie 3: Jesus sê dat jy uniek, kosbaar en sy liefde waardig is.

Doelwitte van sessie:

- Ons wil tieners leer dat Jesus sê dat hulle uniek, kosbaar en sy liefde waardig is.
- Ons wil aan hulle verduidelik dat as hulle Jesus liefhet, selfs al maak hulle ŉ fout, sal Sy liefde vir hulle nie verander nie.
- Ons wil aan hulle verduidelik dat vriendskap met God nie afhang van wat hulle gedoen of nie gedoen het nie.

Kernteks: "...ek is bruin gebrand, maar ek is mooi." (Hooglied 1:5 ABA)

Sessie 4: Jesus sal altyd daar wees vir jou as jy deur ŉ moeilike tyd gaan.

Doelwitte van sessie:

- Ons wil tieners te help om te verstaan dat wanneer hulle deur moeilike tye gaan, Jesus altyd daar sal wees vir hulle.
- Ons wil aan hulle verduidelik dat hulle vir Hom om hulp kan vra.
- Ons wil hulle leer dat Hy dalk op ŉ ander manier mag antwoord as wat hulle verwag.

Kernteks: "Wie is hierdie vrou wat uit die woestyn kom en wat vashou aan die arm van die man vir wie sy lief is?" (Hooglied 8:5 ABA)

Sessie 5: Jesus nooi jou uit na sy "geheime plek" waar Hy jou sal beskerm.

Doelwitte van sessie:

- Ons wil tieners leer dat Jesus hulle uitnooi na ŉ geheime plek waar Hy hulle sal beskerm en liefhê.
- Ons wil aan hulle verduidelik dat ons die voorreg het om in die geheime plek waarvan daar deurgaans in die Bybel gepraat word, te woon.
- Ons wil hulle herinner dat die geheime plek is nie altyd maklik nie, maar dit is waar Hy belangrike lesse met ons sal deel.

Kernteks: "Jy is soos ’n duif tussen die rotse, ’n duif wat wegkruip teen die hoë rotse, ek wil jou sien, ek wil jou hoor, jou stem is mooi en jy is mooi." (Hooglied 2:14 ABA)

Sessie 6: Jesus help jou om veilig en suksesvol te wees terwyl jy jou drome navolg.
Doelwitte van sessie:
- Ons wil tieners help om te verstaan dat God ’n groot droom in hulle geplaas het.
- Ons wil aan hulle verduidelik dat as hulle tyd met Hom in die geheime plek deurbring, Hy hulle wysheid en leiding sal gee om hulle te help groei.
- Ons wil hulle leer dat Jesus in vennootskap met hulle wil gaan sodat hulle hul drome kan navolg.

Kernteks: "Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop!" (Hooglied 1:4 ABA)

**Belangrike nota vir aanbieders**:

1. Ons het nie ’n spesifieke plek in die kurrikulum vir julle om die tieners in ’n gebed tot bekering te lei nie, omdat ons dit aan julle oordeel oorlaat om te besluit wanneer die studente daarvoor gereed is.

2. *Droom Groot met God as Vlieggenoot* behandel onderwerpe wat op emosionele vlak moeilik is. Julle moet gereed wees as studente in julle klasse getraumatiseer raak. Een uit elke drie vroue is ’n oorlewende van seksuele, fisiese of emosionele mishandeling, dus sal julle oorlewendes in julle klasse hê. Praat vooraf met al die aanbieders oor wat julle te doen staan indien ’n tiener op die inligting reageer. Dit is ook belangrik dat die aanbieders vooraf weet dat dit moeilik sal wees om sommige van die inligting te lees en dit mag selfs diep emosies in hulle wakker maak indien hulle familie het wat oorlewendes is, of sosiale mishandeling ervaar. Dit is belangrik dat beide die aanbieders en die studente sal bewus wees daarvan dat hierdie reaksies moontlik sal wees sodat traumatisering nie gedurende die sessies herhaal word nie. Daar is baie uitstekende Christelike boeke en kurrikulums beskikbaar om julle te help om met julle studente en aanbieders te praat. Ons wil julle aanmoedig om voorbereid te wees indien so iets gebeur.

3. Besluit vooraf of julle die joernale van die studente aan die einde van elke sessie sal inneem, of hulle sal toelaat om dit huis toe te neem. Hou in gedagte dat party studente dalk in traumatiese en selfs misbruikte omstandighede mag woon, en hulle mag dalk in hulle joernale hieromtrent geskryf het. Die ouers/voogde mag self skuldig wees aan mishandeling en selfs verhandeling, en as hulle dit lees, mag hulle dalk daarop reageer. Die aanbieders sowel as die studente sal voorbereid moet wees. As die aanbieders die joernale gaan hou en nie saam met die studente huis toe stuur nie, en dan besluit om te lees wat die studente geskryf het, moet die studente dit vooraf weet. Indien die studente skryf dat hulle verhandel of mishandel word, moet jy weet hoe om daarop te reageer. Wees ook geestelik gereed om hulle leiding te gee. Praat ook met die hoof-aanbieder aangaande die plaaslike prosedures en wetgewing omtrent mishandeling en verhandeling.

## Aanvullende inligting omtrent
## die klein verskil tussen bewus wees van en angs

Die kurrikulum van die gewone *Droom Groot-veldtog* het spesifieke voorstelle om die aanbieders te help om die tieners bewus te maak van mensehandel, sonder om angs by hulle te skep. Hier is nog ŉ paar idees vanuit ŉ Christelike oogpunt:

Laat die tieners hulle vrese neerskryf en soek dan saam met hulle Bybelverse wat as teenvoeter vir hierdie leuens kan dien. Help hulle om in te sien dat hulle vrese, alhoewel dit werklik is, teen God se wil is. Byvoorbeeld: 2 Tim. 1:7 (ABA): "God het die Heilige Gees vir ons gegee, en daarom is ons nie bang nie. Nee, die Heilige Gees maak ons sterk en help ons om lief te wees vir mense en om reg te besluit wat ons moet doen."

As die aanbieder dit gebruik as ŉ aktiwiteit en saam met die tieners werk om spesifieke verse te vind, sal dit meer vir hulle beteken as wat die aanbieder die verse net aan hulle voorlees. Laat die tieners dit op papier neerskryf en versier. Laat hulle dit by die huis en die skool opplak waar hulle dit kan sien. Dit kan ook as ŉ geleentheid gebruik word om die die tieners die verse te laat memoriseer.

Speel aanbiddingsliedere vir hulle en liewers liedere wat op die Bybel gebaseer is, of eenvoudige liedere, soos byvoorbeeld *Blye Versekering*, wat die waarheid omtrent God verkondig.

Die hoof-aanbieder en die personeel kan ook teen die gees van angs bid. Bid dat die tieners ŉ openbaring van God se liefde en beskerming en dat Hy vir hulle sal voorsien, ontvang.

## Sessie 1: Kies vriendskap met Jesus

**Fokuspunt van *Droom Groot*-kurrikulum:** Keuses het gevolge.

**Fokuspunt van *Droom Groot met God* as Vlieggenoot:** Kies vriendskap met Jesus

**Doelwitte van Sessie 1:**

- Ons wil tieners help om te verstaan dat Jesus hulle uitnooi om ŉ persoonliker verhouding met Hom te hê – ŉ spesiale vriendskap.
- Ons wil aan tieners verduidelik dat hulle kan kies om "ja" te sê vir sy uitnodiging.
- Ons wil hulle lei om "ja" te sê vir sy uitnodiging.

**Kernteks:** "My liefste, my mooiste, jy moet opstaan, jy moet kom." (Hooglied 2:10 ABA)

**Benodigdhede:**
Verskeie uitnodigingskaartjies van jou kultuur, byvoorbeeld doop van baba, verjaardag, gradeplegtigheid of troue. (As jy nie gedrukte uitnodigingskaartjies het nie, berei ŉ beskrywing voor van hoe jy iemand na ŉ geleentheid sou uitnooi.) ŉ Stuk tou in drie stringe met die een kant uitgerafel sodat jy dit maklik kan losmaak, papier, viltpenne, aanbiddingsmusiek, aanbiddingsmusiekspeler en joernale.

**Voor die aanvang van die klas:**
Lees die notas van die sessie en kies die vrae wat jy dink die beste sal pas by die groep. Skryf die joernaalvrae vir die "Joernaalaktiwiteit vir Sessie 1" onder op ŉ skryfbord of poster. Vra die Heilige Gees om jou te lei om die les vir jou klas aan te pas.

**Begin met Sessie 1:**
**Doelwit: Uitnodigings**
Praat oor uitnodigings in jou kultuur, hoe jy mense uitnooi om ŉ spesiale geleentheid te vier, hoe lyk so ŉ uitnodiging (of klink, indien dit mondelings is) na ŉ verjaardagpartytjie, troue, gradeplegtigheid, baba-doop, of enige ander geleentheid waaraan jy kan dink. Wys voorbeelde as jy het.

Verduidelik nou dat jy ŉ uitnodiging ontvang het, en dat jy die persoon wat jou uitgenooi het nou moet antwoord om te sê of jy die uitnodiging aanvaar of bedank. Praat oor die verskillende manier waarop jy dit in jou kultuur kan doen.

Bespreek die volgende vrae:

- Watter uitnodigings het jy al ontvang?
- Wanneer iemand jou uitnooi om ŉ spesiale geleentheid met hulle te deel, wat sê dit vir jou van die waarde wat hy/sy aan jou of jou vriendskap met hom/haar heg?
- Wat was die beste uitnodiging wat jy al ontvang het? Hoekom? Het jy dit aanvaar? Hoekom? Wat sou jy gemis het indien jy "nee" op die uitnodiging geantwoord het?
- Wat is die nadeel as jy kies om ŉ uitnodiging van ŉ familielid of vriend te bedank?

**Sê:** Uitnodigings is gewoonlik van familie of vriende wat jou by ŉ spesiale geleentheid of feesviering wil insluit, en dit dui aan dat hulle julle vriendskap as kosbaar beskou. Vandag gaan ons na ŉ baie spesiale uitnodiging kyk, die belangrikste een wat ons ooit sal ontvang.

Daar is 66 boeke in die Bybel en een van hulle is Hooglied. Dit is een van die kortste boeke in die Bybel, maar dit bevat een van die belangrikste uitnodigings – ŉ spesiale uitnodiging vir ons. Hooglied handel oor Jesus se uitnodiging aan ons om ŉ wonderlike, spesiale vriendskap met hom te hê.
Lees die Bybelteks vir hierdie sessie – Hooglied 2:10 (ABA): "My liefste, my mooiste, jy moet opstaan, jy moet kom."

**Sê:** In hierdie teks spreek Jesus Sy liefde vir jou uit ("my liefste") en vertel jou hoe Hy jou sien (as "my mooiste"). "Hy vra vir jou om op te staan." *Opstaan* beteken *om op te staan en ook hoër te gaan.* Dit is ŉ uitnodiging aan jou van Jesus om ŉ spesiale vriendskap met Hom te hê. As jy hierdie uitnodiging aanneem, sal Hy jou help om enigiets te word waarvoor Hy jou geskape het, en om daardie droom wat Hy in jou hart geplaas het, te bereik. Dit is baie belangrik: Jy moet kies hoe jy sal reageer op sy uitnodiging.

**Aktiwiteit: Ontwerp ŉ uitnodiging**
Laat die studente weer na die uitnodigings kyk. Laat die studente twee-twee werk en laat hulle ŉ lied (of ŉ psalm) skryf of laat hulle ŉ uitnodiging van Jesus aan hulle ontwerp. (Jy moet die spanmaat wees indien die studente ŉ ongelyke getal is en iemand sonder ŉ maat is.) Deel papier en viltpenne uit aan die studente wat gekies het om ŉ uitnodiging te ontwerp.

**Sê:** Jy moet jou lied, psalm of uitnodiging ontwerp volgens wat ek met julle gedeel het en wat jy daaronder verstaan om ŉ spesiale verhouding met Jesus te hê. Laat ons ons harte vir hierdie aktiwiteit voorberei deur aanbidding en gebed.

Speel sagte aanbiddingsmusiek. Moedig die studente aan om te fokus op aanbidding en gebed sodat hulle God se stem kan hoor. Lees Hooglied 2:10 weer.

**Sê:** God is bereid om met ons te praat; ons moet oefen om Hom te aanbid en te luister na Hom, en ons sal van Hom hoor. Dit neem oefening. Somtyds praat Hy met ons in woorde en soms in die vorm van beelde. Onthou, Hooglied 2:10 is Jesus se uitnodiging vir jou om ŉ hegte en spesiale vriendskap met Hom te hê.

Moedig die studente aan om na Jesus se uitnodiging te luister en dan met "ja" daarop te reageer. Daag hulle uit om vir Jesus te vra waarom Hy dink hulle is so spesiaal. Moenie hulle aanjaag nie. Wag en laat hulle met Hom praat.

Na ŉ gepaste tyd soos God jou sal lei, begin dan ŉ bespreking.

- Het julle God se uitnodiging gehoor? Indien wel, hoe het jy reageer? Hoekom?
- Wat glo jy het God nog vir jou gesê?

Laat die studente hulle uitnodigings, liedere of psalms deel met die klas wanneer dit voltooi is.

**Verband met mensehandel**
**Sê:** ʼn Spesiale vriendskap met Jesus sal jou help om die regte keuses te maak, jou te beveilig teen mensehandelaars, en suksesvol te wees om jou drome, wat God jou gegee het, na te volg, Nog ʼn belangrike deel van die regte keuses maak, veilig te wees en die drome wat God jou gegee het, is om seker te maak dat jou beste vriende ook ʼn spesiale vriendskap met Jesus het.

**Bybelles: Driekoordsterkte**
Lees Prediker 4:12 hardop: " Iemand kan die een aanval, maar die twee kan weerstand bied. ʼn Driedubbele tou breek nie maklik nie." (ABA)

Hou die stuk tou op en rafel dit uit. **Sê:** Is hierdie stuk tou sterker as al drie stringe saam of as hulle verdeel is? (Trek die drie stringe vir effek weg van mekaar. Hou die eerste string op.) Dink daaraan dat hierdie string jy is. (Hou die tweede string op.) Dink daaraan dat hierdie string die vriende is wat jou hegte verhouding met Jesus deel. ʼn Vriend wat lief het op die manier wat Jesus ons liefhet, sal help om jou veilig, gesond en vry te hou. (Hou die derde string op en begin om die drie stringe saam te draai.) Dink aan dit as Jesus, as die een wat al drie stringe bymekaarhou, wat jou sterk maak, jou veilig hou en gefokus hou op die drome wat God vir jou gegee het en wil hê dat jy dit moet uitleef.

- Het jou vriendskap met Jesus jou versterk? Hoe het dit gehelp om jou te beveilig?
- Het jou vriendskap met Jesus jou gehelp om ander te versterk? Het dit jou ooit gehelp om ander te beveilig? Verduidelik.

**Moenie mensehandel bevorder nie!**
Lees en bespreek Psalm 24:3-5 ABA.

- Wat beteken dit om skoon hande en ʼn rein hart te hê?
- Watter seëninge word vir diegene wat dit het, belowe? (Kyk na verse 3 en 5.)

**Joernaal-aktiwiteit vir Sessie 1**
**"My liefste, my mooiste, jy moet opstaan, jy moet kom." (Hooglied 2:10 ABA)**

Lees Hooglied 2:10 weer. Skryf die lys met joernaalvrae hieronder voor die sessie op die skryfbord of ʼn poster. Laat die studente die vrae in hulle joernale oorskryf. Laat ʼn paar minute toe dat hulle hul antwoorde kan neerskryf. Bespreek nou saam die vrae.

- Hoe laat dit jou voel dat Jesus jou "mooiste" noem?
- Hoekom dink jy noem Jesus jou "my mooiste"? Van watter soort skoonheid praat Hy hier?
- Voel jy mooi? Hoekom?
- Wat is die verskil tussen innerlike en uiterlike skoonheid?
- Watter een is vir jou die belangrikste? Hoekom?
- Watter een dink jy is die belangrikste vir Jesus? Hoekom?

**Sê:** In die volgende sessies sal ons leer hoekom Jesus ons "mooi" noem – selfs al voel ons nie so nie.

Vra die studente om op die volgende stellings in hulle joernale te antwoord (nou of voor die volgende sessie):

- Hoe het jy op Jesus se uitnodiging reageer? (Hulle antwoord kan in die vorm van ’n brief aan Jesus wees.)
- Wat het Jesus aan jou gedurende ons gebedstyd gesê?
- Skryf twee dinge neer wat jy aan jonger kinders sal vertel oor wat dit beteken om ’n vriend van Jesus te wees, en hoe dit vir hulle in hul lewe sal help.

**Sê:** Gebruik al die inligting as ’n herinnering dat Jesus jou roep om "op te staan" – en dat jy geantwoord het. (Indien jy dit wel gedoen het.)

# Sessie 2: Jesus is die beste vriend

**Fokuspunt van Droom Groot-kurrikulum:** Weet wie jy kan vertrou.

**Fokuspunt van Droom Groot met God as Vlieggenoot:** Jesus is die beste vriend. Jy kan hom vertrou.

**Doelwitte van Sessie 2:**

- Ons wil tieners help verstaan wat dit beteken om ŉ vriend van God te wees.
- Ons wil hulle leer hoe om ŉ vriend van God te wees.
- Ons wil hulle leer dat Jesus die getrouste vriend is. Jy kan hom vertrou.
- Ons wil hulle leer dat vriendskap met Jesus hulle veilig, gesond en vry hou terwyl hulle hul drome najaag.

**Kernteks: "**Sy mond smaak soet, en alles aan hom is mooi. Vroue van Jerusalem, dit is die man vir wie ek lief is, dit is my vriend." (Hooglied 5:16 ABA)

**Benodigdhede:** materiaal vir vriendskapraam, joernale, instrumentale aanbiddingsmusiek, musiekspeler

**Voor die aanvang van die klas:** Lees die notas vir die sessie en kies die vrae wat jy dink die beste by die groep sal pas. Skryf die joernaalvrae vir "Joernaal-aktiwiteit vir Sessie 2" hieronder op ŉ skryfbord of poster. Vra die Heilige Gees om jou te lei om die les vir jou klas aan te pas.

**Hersiening van Sessie 1:** Gebruik ŉ paar minute om die vorige sessie waar die studente geleer het dat Jesus hulle uitnooi om ŉ intiemer verhouding met Hom te hê – ŉ spesiale vriendskap, en dat hulle kan kies of hulle sal "ja" sê op sy uitnodiging te hersien.

**Begin met Sessie 2:**
**Sê:** In hierdie sessie sal ons leer wat dit beteken om ŉ vriend van Jesus te wees – en hoe dit ons sal help om ons drome na te volg.

**Bespreek die volgende vrae:**

- Is daar verskillende soorte van vriendskap? Verduidelik.
- Is al julle vriende julle beste vriende, of is julle nader aan sommige van hulle as aan ander? Hoekom?
- Hoe weet jy dat iemand jou beste vriend is versus ŉ kennis?
- Stel vriende jou soms teleur – selfs jou beste vriend(e)? Verduidelik.

Lees Hooglied 5:16. **Sê:** Hierdie teks praat van Jesus. Hy is die enigste vriend wat ons nooit sal teleurstel nie. Hy sal ons altyd liefhê. Ons kan Hom vertrou, want Hy is ŉ getroue vriend. Laat een of twee studente die volgende Bybeltekste hardop voorlees:

"So het ook gebeur wat in die Ou Testament geskryf is: Abraham het God geglo, en God het hom vrygespreek. Daarom het God gesê Abraham is sy vriend." (Jakobus 2:23 ABA)

"Die beste bewys van liefde is wanneer iemand vir sy vriende sterf sodat sy vriende kan lewe. Julle is my vriende as julle doen wat Ek sê. Ek noem julle nie meer slawe nie, want 'n slaaf weet nie wat sy eienaar doen nie. Ek noem julle vriende, want Ek het vir julle alles vertel wat Ek by my Vader gehoor het." (Johannes 15:13-15 ABA)
Bespreek die volgende vrae:

- Wat is die verskil tussen ŉ slaaf en ŉ vriend? Watter een sê Jesus is jy? (Sy vriende)
- Wat is jou reaksie op die idee dat Jesus jou sy vriend noem?
- Hoe kan jy ŉ vriend van Jesus wees? (Jy moet Hom liefhê, in Hom glo, die Bybel lees, leer van Hom, met Hom deur gebed te praat, en nog meer.)

In "Vertrou jou instinkte," **sê:** Dit is die rol van die Heilige Gees in jou lewe. Hy sal jou waarsku teen gevaar en teen mense wat nie die beste vir jou wil hê nie. Hy sal met jou praat en jou beskerm.

**Gebedstyd**
Speel sagte instrumentale aanbiddingsmusiek in die agtergrond. Daag die studente uit om stil na Jesus se stem te luister. **Sê:** Jesus skree nie, maar praat met ŉ "sagte klein stem". Ons moet dus versigtig daarna luister. Soms praat Hy in woorde en ander kere in beelde. Onthou die uitnodiging wat Jesus jou in die vorige sessie gegee het, toe Hy gevra het om ŉ spesiale vriendskap met jou te hê. As jy bid, vra Hom wat vriendskap met Hom presies beteken, en hoe jy ŉ vriend van Hom kan wees. Vra Hom om vir jou ŉ beeld te wys van Hom en van jou – as vriende.

Laat tyd toe vir die studente om God te hoor en te sien met geestelike oë. (Efesiërs 1:18 ABA) Laat ŉ paar studente deel wat hulle van God gehoor het en wat hulle gesien het. Bemoedig hulle wanneer hulle hul ervaring deel.

Aktiwiteit: Vriendskapraam, deel 2
Laat die studente ŉ tweede vriendskapraam maak. Hierdie keer moet hulle ŉ prent van hulself saam met Jesus teken. Hulle kan enige woorde van waaroor Jesus met hulle gepraat het, insluit. Laat tyd toe vir ŉ paar om hulle werk met die klas te deel.

**Verband met mensehandel**
**Sê:** Dit sal help om te voorkom dat jy verhandel word indien jy ŉ hegte vriendskap met Jesus het, en ook hegte vriendkappe met ander wat ook ŉ hegte vriendskap met Jesus het. In Johannes 15:13-15 ABA praat Jesus oor wat die verskil is tussen ŉ slaaf en ŉ vriend. As jy verhandel word, is jy iemand se slaaf of bediende – selfs al sê hulle dat hulle jou vriend is. Jy ken ŉ goeie vriend uit aan wat hy doen, nie aan wat hy sê nie. Jesus het sy lewe vir jou opgeoffer.

**Bybelles**
Laat verskeie studente beurte neem om die volgende verse hardop voor te lees: Jesaja 54:5, Openbaring 19:7-9, Mattheus 9:15 en Mattheus 25:1-13.
**Sê:** Hierdie tekste vertel vir ons dat Jesus die bruidegom is; diegene wat Hom liefhet en Hom volg, is sy bruid. Dit is die sleutelbeginsel vir diegene wat ŉ hegte vriendskap met Jesus wil hê. Hooglied vertel vir ons dat Jesus die hegste, mees intiemste verhouding moontlik met ons wil hê.

God gebruik in die Bybel soms natuurlike voorbeelde om ʼn geestelike beginsel te verduidelik. Die huwelik is die mees intiemste van alle verhoudings. Dit is die verhouding wat God met ons wil hê.

- ʼn Paartjie trou omdat hulle meer as vriende is.
- Hulle is verbind op ʼn emosionele vlak wat hoër is as enige ander mense-verhouding.
- Wanneer twee mense verlief is, wil hulle die res van hulle lewens saam deurbring.
- Niks sal hulle skei nie, behalwe die dood.
- Elkeen wil hê dat die ander die eerste persoon moet wees wat hy/sy in die oggend sien en die laaste in die aand.
- Hulle liefde is so sterk dat dit lyk asof hulle nie na genoeg aan mekaar kan kom nie.
- Hulle kan in mekaar se omhelsing rus, wetende hulle het mekaar lief en elkeen is aanvaar deur die ander persoon.
- Hulle koester mekaar.

Nota: Dit mag dalk moeilik wees vir die jeug om te verstaan, veral seuns en jong mans, maar vra die Heilige Gees om dit vir hulle duidelik te maak.

**Moenie mensehandel aanmoedig nie!**

Lees en bespreek Psalm 119:9 ABA.

- Beskryf in jou eie woorde watter vraag in hierdie teks gevra word.
- Beskryf in jou eie woorde die antwoord wat die teks op die vraag gee.

**Joernaal-aktiwiteit vir Sessie 2**

"…dit is die man vir wie ek lief is, dit is my vriend."

Lees die kernteks vir die sessie. Laat die studente die joernaalvrae wat jy vooraf op die skryfbord/poster geskryf het in hulle joernale skryf. Laat 'n paar minute toe dat hulle die antwoorde daarop kan skryf. Bespreek die vrae daarna gesamentlik.

- Wat is jou mening oor die waarheid dat Jesus ons bruidegom-koning is? En dat diegene van ons wat in ʼn hegte verhouding met Jesus is sy bruid (die bruid van Christus) is? En dat Hy die mees intieme verhouding met jou wil hê?
- Dink daaraan dat Jesus sy lewe vir jou opgeoffer het. Skryf ʼn brief aan Hom om dankie te sê.
- Hoe is Jesus jou beste en getrouste vriend? Verduidelik.
- Wat sal jy wil doen om nader aan Hom te kom?

# Sessie 3: Jesus sê jy is uniek, kosbaar en sy liefde waardig.

**Fokuspunt van *Droom Groot*-kurrikulum: J**y is uniek, kosbaar en sy liefde waardig.

**Fokuspunt van *Droom Groot met God as Vlieggenoot*-kurrikulum:** Jesus sê jy is uniek, kosbaar en sy liefde waardig.

**Doelwit van sessie:**

- Ons wil tieners leer dat Jesus sê dat hulle uniek, kosbaar en sy liefde waardig is.
- Ons wil aan hulle verduidelik dat indien hulle Jesus liefhet, selfs al het hulle ŉ fout gemaak, sy liefde vir hulle nooit verander nie.
- Ons wil hulle leer dat vriendskap met God nie afhang van wat hulle gedoen of nie gedoen het nie.

**Kernteks:** "...ek is bruin gebrand, maar ek is mooi" (Hooglied 1:5 ABA)

**Benodigdhede:** Joernale, instrumentale aanbiddingsmusiek**,** musiekspeler

**Voor die aanvang van die klas:** Lees die notas oor die sessie en kies die vrae wat jy dink die beste sal pas by jou spesifieke groep. Skryf die joernaalvrae (hieronder) vir die Joernaal-aktiwiteit vir Sessie 3 op 'n skryfbord/poster. Vra die Heilige gees om jou te lei om die les vir jou klas aan te pas.

**Hersiening vir Sessie 2:** Gebruik ŉ paar minute om die vorige sessie te hersien – wat dit beteken om Jesus se vriend te wees.

**Begin met Sessie 3**

Lees Efesiërs 2:8-9: "Ja, God het julle gered omdat Hy baie goed is vir julle, julle wat in Christus glo. Julle het julle nie self gered nie. Nee, Gód het julle gered, Hý was so goed vir julle. God het julle gered, maar Hy het dit nie gedoen omdat julle goeie dinge gedoen het nie. Daarom mag niemand spog nie. " (ABA)

**Sê:** Ons vriendskap met Jesus is ŉ geskenk van God. Hy het nie gekies om ons vriend te wees op grond van wat ons vir Hom doen of hoe goed ons is nie. Ons kan nooit genoeg doen om sy liefde en sy redding te verdien nie. Dit is hoekom dit ŉ gratis geskenk is. Hy weet dat dit sal help om Jesus se liefde te voel, selfs al doen ons iets verkeerds.

Bybelles:

Laat die studente beurte neem om ŉ paar van die volgende teksverse hardop voor te lees: Sefanja 3:17 ABA, Psalm 139:14 ABA, 17-18, Lukas 12:24 ABA, Jesaja 43:1 ABA, Jesaja 49:16 ABA, Johannes 1:12 ABA en Johannes 15:15 ABA. Vra na elke teksvers dat die studente moet deel hoe God sê dat hulle uniek, kosbaar en sy liefde waardig is.

**Sê:** Om onvoorwaardelik lief te hê beteken om iemand lief te hê selfs al het hy foute gemaak of verkeerde goed gedoen. God het ons lief en skat ons na waarde, maak nie saak wat ons doen nie, want ons is in Christus.

- Wat behoort ons reaksie op God se groot onvoorwaardelike liefde te wees?
- As ons so ŉ groot liefde ontvang het, watter verantwoordelikheid het ons dan om dit met ander te deel?
- Aangesien God ons as kosbaar bestempel, hoe moet ons oor onsself voel?

**Aktiwiteit: Verlore Seun-drama**

Ken die volgende rolle aan die studente toe: verteller, verlore seun, en die vader. Soos die verteller die storie in Lukas 15:11-24 ABA voorlees, moet die twee akteurs die storie dramatiseer. Die verteller moet na elke sin ŉ pouse gee om die akteurs kans te gee om dit te speel. Opsie: Nadat hulle die Bybelstorie gedramatiseer het, dink daaraan dat die studente ŉ hedendaagse weergawe van die storie kan dramatiseer.

- Wat is jou reaksie op hierdie storie? Wat dink jy en hoe voel jy?
- Wat is onvoorwaardelike liefde? Hoe illustreer hierdie storie onvoorwaardelike liefde?
- Is daar ŉ verskil tussen onvoorwaardelike liefde en om net blindelings sondige optrede te ignoreer? Verduidelik.
- Hoekom moet jy nog steeds bely as jy iets verkeerds gedoen het, al het jy reeds vergifnis ontvang? (Dit is sodat jy God se genade kan ontvang.)
- Wat doen jy nadat jy jou sondes bely het? (Ontvang God se vergifnis en liefde; ons moenie op ons sonde fokus nie, maar op Hom.)
- Wat is die verskil tussen iemand wat doelbewus in opstand kom teen God en ŉ onvolwasse gelowige wat foute maak? (God verwar nie geestelike onvolwassenheid met rebellie nie.)
- Hoe illustreer hierdie storie hoe waardevol en waardig ons vir God se liefde is?

**Verband met mensehandel**
As ons weet dat Jesus dink ons is uniek, waardevol en sy liefde werd, sal ons nie die leuens van mensehandelaars wat vir ons die teenoorgestelde vertel, glo nie.

**Moenie mensehandel aanmoedig nie!**
Laat die studente gedeeltes in die Evangelies (eerste 4 boeke van die Nuwe Testament in die Bybel) soek waar Jesus met vroue en meisies praat.

- Het Jesus vroue anders as mans behandel?
- Wat dink jy was die gebruik in Jesus se tyd? (vroue is erg onderdruk; vroue is nie toegelaat om met mans te praat soos Jesus met vroue gepraat het nie – as gelykes. Hy het gedurende sy tyd op aarde baie reëls verbreek.)
- Hoe het Jesus getoon dat Hy vroue waardevol ag?
- Met wie praat Jesus in Markus 20:13-14 ABA? (kinders – beide meisies en seuns)
- Hoe het Jesus getoon dat Hy meisies waardevol ag?

**Joernaalaktiwiteit vir Sessie 3:**
**"...ek is bruin gebrand, maar ek is mooi."** (Hooglied 1:5 ABA)

Lees weer die kernteks vir hierdie sessie: Hooglied 1:5: "...ek is bruin gebrand, maar ek is mooi."

**Sê:** Die woorde *bruin gebrand* verwys nie na velkleur nie, maar na die foute wat ons gemaak het en die verkeerde dinge wat ons doen. Dit beteken dat selfs as ons ŉ fout maak of iets verkeerds doen, kan ons weet dat Jesus ons steeds liefhet. Dit beskryf nie ŉ persoon wat teen God in opstand kom nie; dit beskryf iemand wat Hom liefhet, maar wat foute maak. In Mattheus 26:41 staan geskryf: "Julle moet wakker wees en bid dat niks sal gebeur wat julle sal laat sonde doen nie. Die mens se gees wil graag doen wat reg is, maar die mens self is te swak om reg te doen." (ABA) Die betekenis van die woord "mooi" is "genotvol, aangenaam, om ŉ skoonheid te hê wat tot die hart en verstand sowel as die oog spreek."

Laat die studente die begrip "bruingebrand, maar mooi" bespreek. Daar is ŉ teenstelling in die ontdekking van ons eie sonde, tog ook terselfdertyd om Jesus se wonderlike liefde vir ons te ontdek.

Wys nou die lys van joernaalvrae wat jy voor die sessie begin het op die bord of poster geskryf het. Laat hulle die vrae in hulle joernale skryf. Laat ook ŉ paar minute toe dat hulle hul antwoorde kan neerskryf en bespreek die vrae dan saam.

- Noem ŉ voorbeeld van iets wat mooi is.
- Hoekom dink jy dink Jesus jy is mooi, selfs al doen jy iets verkeerds of maak foute?
- Hoe laat Hooglied 1:5 "...ek is bruin gebrand, maar ek is mooi" jou oor jouself voel? En oor Jesus?
- Laat die feit dat jy dit weet jou nader aan Hom beweeg of weghardloop as jy iets verkeerds gedoen het?
- Hoekom is dit so belangrik om die waarheid te verstaan?
- Hoe help dit jou om na ander mense wat foute maak te kyk?

**Sê:** Jesus dink steeds aan ons as "mooi" selfs al het ons iets verkeerds gedoen. Dit is hoekom ons as waardevol bestempel kan word. Dit is ook hoekom sy liefde vir ons ŉ geskenk van God is. Hy is baie lief vir ons en niks wat ons ooit kan doen kan sy liefde vir ons verminder of vermeerder nie. God se liefde is onvoorwaardelik, anders as die mens se liefde.

- Hoekom dink jy dat God steeds dink ons is mooi, al doen ons iets verkeerds?
- Hoekom verander God se liefde vir ons nooit nie?

**Gebedstyd**

Speel sagte instrumentale musiek. Laat die studente hulle oë sluit en gaan hulle voor in gebed.

**Sê:** Dink aan Jesus wat met vreugde vir jou glimlag. "...ek is bruin gebrand, maar ek is mooi". Dink nou aan ŉ tyd toe jy iets verkeerds gedoen het.

Lees saggies 1 Johannes 3:1 ABA, 1 Johannes 4:19 ABA en Johannes 15:9 ABA. Terwyl die studente sondige dinge wat hulle in hulle lewens gedoen het herroep, mag hulle spesiale behoefte hê aan geloofs-genesing. Wees voorbereid om hulle te lei om hulle sondes te bely en vergifnis te kry. Bemoedig hulle dat hulle nog steeds "mooi" is in die oë van Jesus.

Sê: Is jy steeds "bruin gebrand", maar "mooi"? Luister na Jesus se woorde hieroor aan jou. Onthou, soms praat Jesus in woorde en ander kere in beelde.

Laat ten minste 5 minute toe vir die studente om tyd saam met die Here te bestee.

**Sê:** Onthou, jy het Jesus se uitnodiging om ’n spesiale vriendskap met Hom te hê, aanvaar. Hy wil hê dat julle heilige lewens moet hê en Hy sal julle genade gee om dit te kan doen. Skryf in julle joernale ’n paar gedagtes oor wat julle gedurende hierdie sessie omtrent "bruingebrand, maar mooi" ervaar het. Skryf dan hoe God se onvoorwaardelike liefde julle laat voel en skryf ook ’n paar woorde om vir Hom dankie te sê.

# Sessie 4: Jesus sal altyd daar wees vir jou as jy deur ʼn moeilike tyd gaan.

**Fokuspunt van *Droom Groot*-kurrikulum:** Wees geduldig**,** werk hard en wag vir die regte tyd**.**

**Fokuspunt van *Droom Groot met God as Vlieggenoot*-kurrikulum:** Jesus sal altyd daar wees vir jou as jy deur ʼn moeilike tyd gaan.

**Doelwit van sessie:**

- Ons wil hê dat tieners moet begryp dat wanneer hulle deur moeilike tye gaan, Jesus altyd daar sal wees vir hulle.
- Ons wil hulle laat verstaan dat hulle altyd vir Hom om hulp kan vra.
- Ons wil hulle laat verstaan dat Hy soms op ʼn ander manier as wat hulle verwag, kan antwoord.

**Kernteks:** Die vroue sê: "Wie is hierdie vrou wat uit die woestyn kom en wat vashou aan die arm van die man vir wie sy lief is?" (Hooglied 8:5 ABA)

**Benodigdhede:** joernale, instrumentale aanbiddingsmusiek, musiekspeler

**Voor die aanvang van die klas:** Lees die sessie se notas en kies die vrae wat jy dink die beste by hierdie spesifieke groep sal pas. Skryf die joernaalvrae vir "Joernaalaktiwiteit vir Sessie 4" hieronder op ʼn bord of poster. Vra die Heilige Gees om vir jou te lei om die les vir jou klas aan te pas.

**Hersiening van Sessie 3:** Bestee ʼn paar oomblikke aan hersiening van die vorige sessie – dat ons uniek, waardevol en sy liefde werd is omdat Jesus so sê; dit hang nie af van wat ons gedoen het of nie gedoen het nie.

**Begin met Sessie 4**

Lees die kernteks vir hierdie sessie, Hooglied 8:5: "Wie is hierdie vrou wat uit die woestyn kom en wat vashou aan die arm van die man vir wie sy lief is?"

- Wat is ʼn woestyn? (ʼn Droë plek, ʼn eensame plek, sonder baie vriende) Wat is ʼn woestyn in jou land?
- Hoe kan ʼn moeilike tyd soos ʼn woestyn wees?
- Wat beteken "vashou aan"? (om te vertrou)
- As jy deur ʼn moeilike tyd gaan, hoe kan jy aan Jesus "vashou"? Wil Hy hê dat jy dit moet doen? Hoekom?

**Bybelles**

Lees Romeine 8:37-39: "God is lief vir ons, daarom wen ons altyd wanneer al hierdie slegte dinge met ons gebeur.  Ek weet één ding: God is lief vir ons. Christus Jesus, ons Here, het dit vir ons gewys. Daar is niks wat God se liefde kan wegvat van ons nie, nie die dood nie, niks wat lewe nie, nie engele nie, niemand en niks wat oor die wêreld wil regeer nie, niks wat nou daar is

nie, niks wat later daar sal wees nie, niks wat sterker as mense is nie, niks bokant die aarde en niks onder die aarde nie, niks en niemand nie!"

Bespreek die volgende vrae:

- Waaraan dink jy heel eerste as jy hierdie verse lees? Wat is jou gevoel en gedagtes as jy dit lees?
- Die lewe het baie wonderlike tye, maar ons ervaar ook baie moeilike tye in ons lewe.
- Wie maak ons meer as oorwinnaars oor elke probleem wat ons in ons lewens ervaar?
- Wat is enige probleem of vyand wat ons teëkom nie in staat om te doen nie? (Dit kan ons nie skei van die liefde van God nie. Verduidelik)
- Hoe motiveer die wete jou?

Aktiwiteit: Graad van probleme
Laat die studente die volgende situasies evalueer van 1 (baie maklik) tot 10 (baie moeilik) deur hulle vingers van 1 tot 10 op te hou soos jy elkeen hardop lees. Jy kan ook die studente vra om hulle oë toe te hou terwyl hulle sekere probleme wat jy voorlees, evalueer – soos die wat met seks of dwelms te doen het. Maak seker dat jy vir elke probleem die stemme tel sodat jy kan vasstel watter probleme is die moeilikste om te hanteer. (Jy mag dalk die lys probleme aanpas soos dit in jou kultuur voorkom)

1. Iemand versprei skinderstories of leuens oor jou by die skool of in die woonbuurt.
2. Jy word beskuldig van ʼn oortreding wat jy nie gepleeg het nie.
3. Jy ervaar die versoeking om voorhuwelikse seks te hê.
4. Jy werk hard om goeie punte op skool te behaal.
5. Jy is gehoorsaam aan en betoon respek teenoor jou ouers.
6. Jy wil daaglikse stiltetyd met God te hê, die Bybel lees en bid.
7. Jy wil ʼn regverdige, morele lewe wat God behaag, leef.
8. Jy wil vriendskappe sluit met ander jongmense wat ook goeie vriendskappe met God het.
9. Jy wil die droom wat God vir jou lewe het, behou.
10. Jy wil die versoeking om dwelms of alkohol te gebruik, weerstaan.

Bespreek die volgende vrae:

- God is diep besorg oor elkeen van hierdie probleme wat jy mag hê. Is jy verras daaroor? Hoekom? Is dit moeilik vir jou om dit te glo? Hoekom?
- Begin met die probleme wat die meeste stemme gekry het. Bespreek die manier waarop die studente op Jesus kan vertrou terwyl hulle met hierdie probleme worstel.
- Wat is die rede, dink jy, dat Jesus besorg is oor jou en jou graag sal wil help met hierdie probleme?
- Help Jesus jou altyd op die manier wat jy van Hom verwag of wil hê Hy moet? Hoekom?
- Indien Hy besluit om jou op ʼn ander manier te help as wat jy verwag het, beteken dit dat Hy jou minder liefhet?
- Indien Hy besluit om jou op ʼn ander tyd te antwoord as wat jy verwag, beteken dit dat Hy jou minder liefhet?

**Verband met mensehandel**

Jy moet dwarsdeur hierdie hele sessie dit vir die studente benadruk dat om op Jesus te vertrou vir alle probleme van die lewe, sal hulle veilig gehou word en hulle  hulle hul drome kan bereik.

**Moenie mensehandel bevorder nie!**
Lees en bespreek Spreuke 9 ABA.

- Waarteen is die waarskuwing?
- Wat is die gevolge as jy die verkeerde besluite neem? (Spreuke 9:23, Spreuke 6:26-27 ABA)

**Gebedstyd**
Terwyl jy sagte aanbiddingsmusiek speel, vra die studente om aan die probleme waardeur hulle gaan, te dink. Laat hulle Jesus vra om met hulle te praat en hulle te vertel hoe Hy hulle deur hierdie probleme sal help. Herinner hulle daaraan dat Jesus deur woorde sowel as beelde praat. Laat die studente daarna met mekaar deel wat Jesus vir hulle gewys het. As daar genoeg tyd is, kan hulle prente teken daarvan. Na gebed, lei die studente in ŉ bespreking oor die moeilike tye waardeur hulle gaan en wat Jesus vir hulle gedurende die gebedstyd gewys het.

**Joernaalaktiwiteit vir Sessie 4**
"Wie is hierdie vrou wat uit die woestyn kom en wat vashou aan die arm van die man vir wie sy lief is?" (Hooglied 8:5 ABA)

Wys die lys van die joernaalvrae hieronder wat jy op die bord of poster geskryf het. Laat hulle dit in hulle joernale afskryf. Laat ŉ paar minute toe dat hulle hul antwoorde kan neerskryf en bespreek dan die vrae saam met hulle.

- Watter woestyntye beleef jy nou? Hoe dink jy sal Jesus jou help?
- Begin jy Jesus nou sien as jou geliefde? As ŉ bruidegom? Lig dit toe met voorbeelde.
- Onthou dat *om te volhard* beteken om vol te hou om hard te werk, selfs al voel jy mismoedig. Hoe kan Jesus jou help om te volhard?
- Vertel die studente van ŉ moeilike tyd wat jy beleef het en jy geweet het dat Jesus daar vir jou was. Hoe het jy gedurende die tyd verander?
- Watter probleme het jy op die oomblik? Hoe sou jy wil hê dat Jesus jou moet help? Hoekom?

**Sê:** Skryf in jul joernale wat Jesus vir jou gesê het gedurende die gebedstyd. Skryf dan en vra Hom om jou te help met die probleme waarmee jy op die oomblik sukkel. Laastens, skryf oor hoe om "vas te hou aan Hom" jou laat voel.

Laat diegene wat bereid is om te deel, lees wat hulle geskryf het.

## Sessie 5: Jesus nooi jou uit na sy "geheime plek" waar Hy jou beskerm.

**Fokuspunt van *Droom Groot*-kurrikulum:** Jy is gebore om te vlieg. Jy mag met niks minder tevrede wees nie.

**Fokuspunt van *Droom Groot met God as Vlieggenoot*-kurrikulum:** Jesus nooi jou uit na sy "geheime plek" waar Hy jou beskerm.

**Doelwit van sessie:**

- Ons wil tieners leer dat Jesus hulle uitnooi na ŉ geheime plek waar Hy hulle beskerm en liefhet.
- Ons wil hulle leer dat daar van die geheime plek dwarsdeur die Bybel gepraat word; ons is bevoorreg om daar te woon.
- Ons wil hulle herinner dat die geheime plek nie altyd maklik is nie, maar dit is waar Hy belangrike lesse met ons deel.

**Kernteks:** "Jy is soos 'n duif tussen die rotse, 'n duif wat wegkruip teen die hoë rotse, ek wil jou sien, ek wil jou hoor, jou stem is mooi en jy is mooi." (Hooglied 2:14 ABA)

**Benodigdhede:** instrumentale aanbiddingsmusiek, joernale

**Voor die aanvang van die klas:** Lees die notas vir die sessie en kies die vrae wat jy dink die beste sal pas by jou spesifieke groep. Skryf die joernaalvrae vir die "Joernaalaktiwiteit vir Sessie 5" hieronder op ŉ skryfbord of poster. Vra die Heilige Gees om jou leiding te gee om die les vir jou klas aan te pas.

**Hersiening van Sessie 4:** Bestee ŉ paar minute om die vorige les te hersien – dat wanneer ons deur moeilike tye gaan, Jesus altyd daar sal wees vir ons.

**Begin met Sessie 5**
**Sê:** Op pad na ons drome sal ons voor moeilike tye te staan kom, maar as ons op Jesus vertrou, tyd bestee om te bid en die Bybel te lees, sal Hy ons belangrike lesse leer. Hierdie keer roep Jesus ons om tyd saam met Hom in die "geheime plekke" te bestee.

Lees Hooglied 2:14: "Jy is soos 'n duif tussen die rotse, 'n duif wat wegkruip teen die hoë rotse, ek wil jou sien, ek wil jou hoor, jou stem is mooi en jy is mooi."

**Sê:** Eintlik nooi Jesus jou uit om tyd saam met Hom in die geheime plek (tussen die hoë rotse) te bestee. Dit is ons keuse of ons saam met Hom soontoe sal gaan.

**Bybelles**
Lees Jesaja 45:3 ABA: "Ek sal vir jou die goed gee wat die ander konings weggesteek het in donker plekke. Dan sal jy weet Ek is die Here wat jou geroep het en wat jou naam genoem het, Ek is die God van Israel."

**Sê:** Die donker plek is ŉ plek van geheime; Jesus sal sy geheime aan jou openbaar. Dit is sy wysheid wat jou in jou lewe sal help.

Lees Psalm 91:1-2 ABA: "Wanneer iemand veilig wil wees by die **Hoogste God,** wanneer hy wil hê die **Almagtige** moet hom beskerm, dan sê hy vir die Here: By U is ek veilig, U is vir my soos 'n veilige plek in die berge. My God, ek weet U sal my beskerm."

**Sê:** Gedurende die Ou Testamentiese tye was die allerheiligste in die tabernakel die heiligste plek van almal. Slegs die hoëpriester is toegelaat om daar in te gaan en ook slegs net een keer per jaar. Maar vandag, as gevolg van Jesus, het ons die voorreg om in die allerheiligste – die geheime plek van die Allerhoogste – te wees wanneer ons wil. Trouens, Jesus nooi ons uit om daar te kom rus. (Psalm 91 ABA)

**Aktiwiteit: Illustreer Psalm 91**

Deel groot papiere en viltpenne uit. Kies spanne van twee of meer studente en gee aan elke span een van die volgende verse van Psalm 91. (Die getal verse wat jy gebruik sal afhang van die getal spanne; jy hoef nie al die verse te gebruik nie.)

- Psalm 91:3-4
- Psalm 91:5-8
- Psalm 91:9-13
- Psalm 91:14-16

Laat die spanlede saamwerk om die baie maniere waarop God ons beskerm as ons rustig verkeer in die geheime plek te teken. Lees Psalm 91:1-2 ABA nadat die studente hulle werk voltooi het. Laat ŉ lid van elke span daarna hulle tekste lees, terwyl die ander lede van die span die tekening wys.

**Verband met mensehandel**

Deur tyd saam met Jesus in die geheime plek deur te bring, sal ons veilig gehou en beskerm word sodat ons ons drome kan navolg.

**Moenie mensehandel bevorder nie!**

Lees en bespreek Spreuke 8:1-11 ABA, kies tekste wat op die klas van toepassing is.

- Wat is wysheid? Hoekom roep Wysheid (vers 1)?
- Vir wie roep Wysheid? (vers 4 en 5) Hoekom?
- Watter verband sien jy tussen die feit dat jy wysheid het en dat jy nie dit moontlik maak dat mensehandel voortgaan nie?

**Joernaalaktiwiteit vir Sessie 5**

**"'n duif wat wegkruip teen die hoë rotse, ek wil jou sien"**

Lees Hooglied 2:14. Wys die studente die lys joernaalvrae hieronder wat jy voor die sessie op die bord of die poster geskryf het. Laat hulle die vrae in hulle joernale skryf. Laat ŉ paar minute toe dat hulle hul antwoorde neerskryf en bespreek dan saam die vrae.

- Jesus sê in ons kernteks: "'n duif wat wegkruip teen die hoë rotse, ek wil jou sien, ek wil jou hoor, jou stem is mooi en jy is mooi." Wat beteken hierdie vers vir jou nou? Hoe bemoedig dit jou?
- Watter vers in Psalm 91 beteken iets baie spesiaals vir jou? (Kyk na die posterprente wat die spanne vroeër geteken het.)
- Wat is jou begrip van die geheime plek? Hoe sal dit jou in moeilike tye kan help?
- Hoe sal dit alles jou help soos jy jou drome navolg?

**Gebedstyd**
Speel instrumentale aanbiddingsmusiek. Lees Hooglied 2:14 ABA en Psalm 91:1-2 ABA terwyl die musiek speel.

**Sê:** Jesus nooi jou uit om nou in die geheime plek, die allerheiligste, in te gaan en daar te rus. Vra die studente na die gebedstyd om in hulle joernale te skryf wat hulle ervaar het. As jy tyd het, laat die studente met mekaar deel wat hulle geskryf het.

## Sessie 6: Jesus help jou om veilig en suksesvol te wees soos jy jou drome navolg.

**Fokuspunt van *Droom Groot*-kurrikulum:** Hersiening en toewyding

**Fokuspunt van *Droom Groot met God as Vlieggenoot*-kurrikulum:** Jesus help jou om veilig en suksesvol te wees terwyl jy jou drome navolg.

**Doelwit van sessie:**

- Ons wil tieners help om te verstaan dat God ŉ groot droom binne-in hulle geplaas het.
- Ons wil dit aan hulle duidelik maak dat as hulle tyd saam met Hom in die geheime plek bestee, Hy hulle die wysheid en insig sal gee om te help dat hulle droom groei.
- Ons wil hulle leer dat Jesus ŉ deelgenoot van hulle wil wees en ook help om hulle drome na te volg.

**Kernteks: "**Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop! Die koning het my na sy kamer gebring." (Hooglied 1:4 ABA)

**Benodigdhede:** instrumentale aanbiddingsmusiek, joernale

**Voor die aanvang van die klas:** Lees die notas vir die sessie en kies die vrae wat jy dink die beste by jou spesifieke groep sal pas. Skryf die joernaalvrae vir die "Joernaalaktiwiteit vir Sessie 6" hieronder op ŉ skryfbord of poster. Vra die Heilige Gees om jou leiding te gee om die les vir jou klas aan te pas.

**Hersiening van Sessie 5:** Bestee ŉ paar oomblikke aan hersiening van die vorige sessie – dat Jesus hulle in die geheime plek van Psalm 91:1 innooi waar Hy hulle sal beskerm en liefhê.

**Begin met Sessie 6:**
Lees die kernteks Hooglied 1:4: **"**Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop! Die koning het my na sy kamer gebring."

- Wat dink jy beteken dit om saam met Jesus te "hardloop"?
- Waar is die "koning se kamer"? (Dit is die spesiale plek in die kasteel waar slegs die koninklike familie en die mees betroubare vriende ingenooi word.)

**Sê:** As ons vir Jesus vra om ons ŉ beter vriendskap met Hom te gee, sal Hy ons in sy kamer innooi, daardie area wat net vir sy beste vriende gehou word. Dit is deel van die geheime plek waar Hy ons sal help om ons drome na te volg. As ons tyd met Jesus in die geheime plek bestee, sal Hy wysheid oor ons drome met ons deel. Hy wys ons hoe om veilig en suksesvol te wees wanneer ons ons drome navolg.

**Bybelles**
Lees Jesaja 61:1-3 ABA. Bespreek die volgende vrae.

- Wat vertel die Bybel vir ons wat ons kan en sal doen, omdat die Gees van God in ons is?

- As jy dink aan die droom wat jy vir jou lewe het, hoe baie van die dinge in die skrifgedeelte hou verband met ons droom? Verduidelik.
- Hoe baie dinge hou verband met jou beveiliging teen mensehandel? Hoeveel van die dinge bemagtig jou om ander te beveilig?

**Sê:** God se gees is oor jou om jou te help om jou drome en doelwit te vervul.

**Aktiwiteit: Hardloop saam**
Vra twee studente om te wys hoe hulle saam hardloop. Laat hulle eers apart in enige rigting van hulle keuse hardloop. Sê: Is dit "saam hardloop"?

Laat hulle nou in dieselfde rigting hardloop, maar die een vinniger as die ander een. **Sê:** Is dit "saam hardloop"?

Laastens, laat hulle in dieselfde rigting en teen dieselfde pas hardloop. **Sê:** As ons saam met Jesus "hardloop", gaan ons in dieselfde rigting en teen dieselfde pas as wat Hy doen. Ons doen nie ons eie ding nie, ons hardloop saam met Hom. Dit kan toegepas word op ons drome. God het die perfekte tyd vir die geboorte van elke droom. Ons moet geduldig wees en wag op sy perfekte tydsbeplanning deur saam met Hom te hardloop en in die koning se kamer te bly om sy stem te hoor, naby Hom te bly om onder sy beskerming te wees.

- Watter uitdagings mag daar vir jou wees indien jy vir die regte tyd wag dat jou drome vervul kan word?
- Wat doen jy as jy jou drome navolg en:
  ...dit word moeilik?
  ...ander mense verstaan nie jou of jou droom nie?
  ...ander mense ondersteun jou nie?
  Jy is nie seker of jou droom van God is of jou eie verbeelding nie.
  Jy het geen geld, geen ondersteuning en geen ooglopende bronne wat jou droom ŉ werklikheid kan maak nie.
  ...jy bang is jy misluk?
  Jy________________________________________(Laat die studente self die spasie invul.)

- Wat kan jy doen terwyl jy vir die regte tyd om jou droom te vervul, wag? (Bestudeer die onderwerp van jou droom, praat met ander wat reeds doen wat jy wil doen, lees oor hulle en kontak hulle indien dit moontlik is, bid, ens.)

Lees Habakuk 2:1-3 ABA: "Ek sal bo-op die muur gaan staan sodat ek ver kan sien. Miskien sien ek wat die Here vir my wil sê. Miskien antwoord Hy my vrae. Die Here het geantwoord. Hy het vir Habakuk gesê: 'Ek sal vir jou iets wys, en jy moet dit groot skryf op plat klippe, sodat almal wat daar verby hardloop, dit kan lees. Ek sal vir jou iets wys. Dit sal kom op die regte tyd. Dit sal gebeur, dit is seker. As dit nie gou gebeur nie, dan moet jy wag, want dit sál gebeur.' "

**Sê:** God is getrou om jou droom te vervul.

**Verband met mensehandel:**

Herinner die studente dat:

- Die doel van *Droom met God as Vlieggenoot* is om jou veilig en suksesvol te maak in die vervulling van jou drome.
- Mensehandelaars is regte mense wat ander wil skade aandoen, maar Jesus sal jou veilig hou.

**Moenie mensehandel bevorder nie!**
Lees Spreuke 8:12-21 ABA.

- Op watter wyse dink jy het jy nou meer wysheid as wat jy gehad het aan die begin van *Droom Groot met God as Vlieggenoot*?
- Waar belowe God om te loop? (Kyk na vers 20.) Wat het dit met mensehandel te doen?
- Wat belowe God vir diegene wat sy wysheid nastrewe? (Kyk na vers 21.) Hoe kan dit help om jou droom na te streef? (Herinner die studente dat die Bybel nie sê dat geld ŉ euwel is nie. Dit sê wel dat die liefde vir geld ŉ euwel is.)

**Joernaalaktiwiteit vir Sessie 6**
**"Jy moet my saam met jou neem, ons moet hardloop!"**

Wys die studente die lys van joernaalvrae wat jy op die bord of poster geskryf het voor die sessie begin het. Laat hulle die vrae in hulle joernale skryf. Laat ŉ paar minute toe dat hulle hul antwoorde neerskryf en bespreek dan die vrae saam.

1 Wat is jou droom?
2 Wat het jy nodig om dit te laat gebeur?
3 Wat is jou rol in die verwerkliking van jou droom?
4 Wat is God se rol?
5 Wat kan jy doen om jou voor te berei?
6 Hoe sal jou droom vir jou, jou familie, stad en land kan help?

**Sê:** God gee vir ons elkeen ŉ droom. Ons droom is deel van God se doel met ons.

Lei die studente in ŉ tyd om met mekaar hulle drome, asook die antwoorde op die vrae in hulle joernale te deel. Bemoedig elkeen om met respek en ondersteuning na die ander studente se drome te luister.

**Vra:** Wat weerhou jou daarvan om jou droom na te volg?
Laat verskeie studente daarop antwoord. Iemand sal ongetwyfeld sê: "Ek is bang dat ek nie sal slaag nie." Praat oor mislukking en risiko. Verduidelik dat ons nie ons drome kan navolg sonder dat een van die twee teenwoordig is nie. Deel ŉ persoonlike storie vanuit jou eie lewe van risiko's wat jy geneem het, mislukkings wat oor jou pad gekom het sowel as seëninge en ook drome wat langs die pad bygekom het. Benadruk iets wat jy geleer het as gevolg van ŉ mislukking - iets wat jy normaalweg nie sou geleer het nie.

Laat die studente deel watter risiko's hulle moet neem sodat hulle hul drome kan navolg. Bespreek verskillende maniere waarop hulle kan slaag of misluk. Is die risiko die moeite werd? Wat is die risiko as jy nie probeer nie?

**Gebedstyd**
Speel sagte aanbiddingsmusiek. Lees dan die kernteks.

**Sê:** Ek gee toestemming dat jy groot drome vir God kan droom, en dit na te volg. (Baie kinders – en volwassenes – het hierdie toestemming om dit te doen nodig, spesifiek as iemand in sy verlede verhoed is om te droom.) Vertel Jesus saggies dat jy graag op sy uitnodiging om saam met Hom te "hardloop", wil ja sê, sy kamer wil binne gaan, en meer van die droom wat Hy vir jou het, wil leer, en hoe dit jou familie, stad en land kan help.

Lees die 6 vrae hierbo, gee ʼn pouse na elkeen sodat die studente ʼn kans kan kry om na God se antwoord te luister. Lees ten slotte Jesaja 61:1-3 ABA. Terwyl jy elke vers lees, vervang "my" en "ek" met die studente se name, byvoorbeeld, " Dit is die Gees van die Here wat Hayley lei, Hy wat Here is om…"

Moenie dit aframmel nie. Gee die studente baie tyd. Jy wil hulle aanmoedig om so veel tyd as wat nodig is hieraan te bestee. Soos hulle na God luister, herinner hulle daaraan dat Hy deur beide woorde en beelde praat.

**Aktiwiteit: Droom logos**
Bemoedig die studente om logos te skep wat hulle drome illustreer. Hulle kan dit in hulle joernale doen, op ʼn rekenaar, of enige ander medium waarvan hulle hou. Hulle antwoorde op die 6 vrae insluit of enigiets wat hulle drome illustreer.

## Aanvullende hulpbronne

*Audacious*, deur Diana Scimone
www.born2fly.org

*Vlieg-Vlinder-Vlieg* en *Sweef hoër,* antimensehandel kurrikulums vir jong kinders. Beskikbaar in ŉ verskeidenheid tale.
https://www.born2fly.org

Diana Scimone se blog
'n Blog deur die president van Born2Fly, Diana Scimone; dit sluit nuus en opgedateerde inligting oor hoe om kinderhandel stop te sit.
www.dianascimone.com

*A Look at Love Through the Tabernacle of Moses*, deur Tiffany Ann Lewis
http://www.elijahlist.com/words/html/textonly-021412-Lewis.html

Onderwyshulpbronne deur Mike Bickle ten opsigte van Hooglied:
http://mikebickle.org/resources/category/intimacy/song-of-songs/

# Vir meer inligting

Born to Fly International, Inc.
P O Box 664
Fort Mill, South Carolina 29716
USA
info@born2fly.org
www.born2fly.org

Ons webwerf het bykomende antimensehandelbronne beskikbaar en dit kan gratis in verskeie tale afgelaai word. *Droom Groot met God as Vlieggenoot* is ons antimensehandel kurrikulum vir jonger kinders. Besoek ons webwerf vir meer inligting.

Al ons materiaal is gratis. Ons gee dit gratis weg sodat jy tieners en kinders in jou gemeenskap teen mensehandelaars kan beveilig. Ons kan dit slegs doen deur middel van die vrygewigheid van ons donateurs. As jy graag ŉ bydrae tot ons werk om kinderhandel te stop wil maak, kan jy dit op ons webwerf doen. Vlieg-Vlinder-Vlieg (Born to Fly) is ŉ 501c3 nie-winsgewende organisasie en alle donasies in die VSA is belasting aftrekbaar.